The Home Study Institute is helping hundreds of men and women, and a still larger number of ambitious young people, to do this thing — develop their powers in a systematic way and make something beautiful out of their lives. It will be a valued privilege to us to hear from many others in the next few weeks. Our door is open wide to all knowledge-hungry persons. We appreciate receiving letters from young people and also older ones who desire to develop the talents that God has given them, and then reach out and help their neighbours. Let us hear from you today.

M. E. OLSEN, *President,*

*Home Study Institute,*

*Takoma Park, Washington, D.C., U.S.A.*



## The Unknown Christian

I

WHAT was his name? I do not know his name:

I only know he heard God's voice and came.

Brought all he loved across the sea,  
To live and work for God — and me.

And at the end, without memorial died;  
No blaring trumpet sounded out his fame;  
He lived, he died; I do not know his name.

II

No form of bronze and no memorial stones  
Show me the place where lie his mouldering bones.

Only a thousand homes,  
Where every day the cheerful play  
Of love and hope and courage comes.  
These are his monument and these alone;  
There is no form of bronze and no memorial stone.

III

Is there some desert or some pathless sea  
Where Thou, great God of angels, wilt send me?

To feed the waiting children of my God?  
Show me the desert, Father, or the sea.  
Is it Thine enterprise? Great God, send me;  
And though this body lie where ocean rolls,  
Count me among All Faithful Souls.

—E. E. Hale.

## Die Boek het Haar Lewe Gered

DIE volgende gebeurtenis het onlangs in Columbia, Suid-Amerika, plaasgevind. „'n Tyd gelede het een van ons susters 'n boek getitel, 'Alone With God,' aan 'n vriendin gegee. Sy het die boek gelees en dit was vir haar tot groot seën.

„Eendag het 'n Amerikaanse verpleegster by haar aangeklop om werk en gevra om kos. Die vrou kon haar nie van werk voorsien nie, maar het haar 'n goeie ete gegee. Sy het toe gedink aan die hulp wat sy uit daardie boek gekry het, en het dit aan die verpleegster geleen wat baie mismoedig was.

„Die verpleegster het belowe om die boek te lees. Toe sy die boek na 'n paar dae terugbring het sy gesê, „Die boek het my lewe gered.' Ek het tot die oortuiging gekom dat die lewe nie die moeite werd was nie. Ek was sonder werk en sonder kos, en ek het besluit om gif te drink. Maar toe ek daardie boek lees het ek weer nuwe moed geskep. Ek het gedag dat God my vergeet het, en ek was vasberade om 'n einde aan alles te maak, maar nou het die Here my hoop op die ewige lewe gegee."



## Geseënde Kampdienste en Konferensiesitting te Port Elizabeth

J. F. WRIGHT

HOEWEL ek nie voornemens is om 'n volledige verslag te gee van die konferensiesitting en kampdienste wat op Port Elizabeth gehou was nie, voel ek nogtans dat 'n paar woorde van wat daar plaasgevind het nie onvanpas sal wees nie.

Van die eerste diens af het daar 'n goeie gees geheers. Hoewel die opkoms nie groot was nie, was dit duidelik dat diegene wat gekom het geestelike hulp ten doel gehad het, en ons glo dat hulle nie teleurgestel was nie. Om die waarheid te sê het almal getuig dat dit een van die beste byeenkoms was wat nog ooit in die Unie van Suid-Afrika gehou was. Die Here was kenlik teenwoordig, en almal was grootliks verkwik.

Die besigheid sake van die konferensie was baie mooi afgehandel. Dit skyn of almal tevrede is met wat daar plaasgevind het. Een van die belangrikste items was die reorganisasie van die konferensie. Vir geruime tyd al was dit gevoel dat om al die Europese werk in die Unie onder een konferensie te hê nie eintlik 'n sukses was nie. 'n Sterk kommissie het dus voor die konferensiesitting deeglik op die saak ingegaan. Ek is nie van plan om hier in besonderhede te tree aangaande die werk van die kommissie nie, en ook is dit nie my doel om redes aan te voer vir die daarstelling van die twee konferensies nie, behalwe slegs te sê dat daar gevoel was dat dit 'n verstandige stap sou wees om

weer twee konferensies en twee sendingvelde binne die Unie te organiseer. My is opgedra om breedvoerig uiteen te sit waarom daar tot die stap oorgegaan is; dit sal ek ook later doen en aan al ons lede stuur.

Toe die kommissie sy rapport ingedien het was dit sorgvuldig oorweeg deur die konferensie, en daar was geleentheid gegee vir vrae. Eindelik was daar besluit om weer twee konferensies te organiseer.

Die volgende beamptes was gekies: Natal-Transvaal Konferensie, A. N. Ingle, president; P. W. Willmore, sekretaris-tesourier. Kaap Konferensie, W. H. Hurlow, president; Mej. P. E. Willmore, sekretaresse-tesourier. Besonderhede van die die ander aanstellings sal later in die rapport van die konferensiesitting verskyn.

Verder wil ek meedeel dat Leraar L. S. Billes aangestel is as superintendent van die nuwe sendingveld, n.l. die Soeloe-Basoe-toe Sendingveld, en Leraar S. Stevenson, voorheen van Thekerani sendingstasie, as superintendent van die Xosa Sendingveld. Leraar J. N. de Beer sal Leraar Billes opvolg as superintendent van die Kaapse Sendingveld.

Waar die werk binne die Unie nou reorganiseer is sodat daar in alle opsigte beter toesig kan wees, smee ons Gods rykste seëninge af op die leiers van die verskillende velde. Hulle sal al ons gebede nodig hê, en ons hoop dat hulle die ondersteuning van al ons lede sal geniet waar hulle trag om die werk spoedig te voleindig. Ons voel dat die verrigtinge op Port Elizabeth nuwe moed en krag in ons kerke oor die Unie sal bring. Mag die Suid-Afrikaanse Unie gedurende 1936 in alle opsigte die grootste vooruitgang beleef.



## Wat Helderberg vir Ons Seuns en Dogters Doen

G. MARTER

As 'n onpartydige persoon is ek bly om die voorreg te hê om aan andere bekend te maak wat ons kollege vir ons seuns en dogters kan doen. Ek het eerste met ons skole kennis gemaak in Engeland. Dit was in 1915 dat ons 'n beroep ontvang het na ons hoofkwartiere te Watford; my oudste seun was toe vyf jaar. Voor ek die Adventboodskap aangeneem het, het ek gedink oor die opvoeding van my kind, want ek het geweet dat 'n verkeerde opvoeding indrukke op hom sou maak wat nooit weer kan uitgewis word nie. Dit staan my nog helder voor die gees hoe ons ons huisie in Wallis verlaat het en hoe bly ek was by die gedagte dat my kinders in die toekoms ons eie skole kon bywoon. Dit was twintig jaar gelede. In 1930 het my oudste seun op Helderberg gegradeer. Die laaste paar jaar wat hy daar deurgebring het, het hy sy eie skoolgeld betaal deur met vakansietye te kolporteer. Hierdie soort werk was weer 'n ander opvoeding, want dit het hom 'n wyer blik op die lewe gegee,


moed en selfvertroue by hom ingeboesem, hom geleer hoe om met alle klasse om te gaan, en ook sy geestelike lewe verryk.

Hy het van ons vooraanstaande staatsmanne ontmoet, wat bestellings geplaas het vir ons boek, „This Mighty Hour.” 'n Redakteur, na hy die boek gelees het, het in sy blad geskryf dat so 'n boodskap „nie verontagsaam kan word nie.”

My seun is nou in Amerika vir verdere studies op ons Walla Walla Kollege. Toe ek November 1935 op die Salisbury stasie staan en ons jongmense sien huis-toe kom vir die vakansie, was dit opvallend hoe hulle verander het terwyl hulle op kollege was.

Hulle was 'n hele paar duim langer, hulle was swaarder, met vermeerderde borsmaat; hul oë was helder en hul wange rooi—ek het nie eens nodig gehad om te vra of hulle gesond was nie; en toe het ek besef hoe deeglik hul opvoeding was. Die intelligente uitdrukking op hul gelukkige gesigte het getoon dat liggaam sowel as siel goed versorg was. Toe ek sien hoe een jong moeder haar seun weglei het daar by my 'n innerlike vreugde ontstaan; want die Here het vir ons, as 'n volk, groot dinge gedoen in die verskaffing van goeie skole vir ons kinders. En as ek ryk gewees het, sou ek my kinders na die sogenaamde inrigtings vir hoër opvoeding gestuur het? Ek sou nie!

Want wat sou dit hulle baat om groot in die oë van die wêreld te word en tog hul siele skade ly?



## Angola se Ryp Oes

O. I. FIELDS

VOORWAAR die oes is ryp. Dit het ons baie opgeval die afgelope paar maande.

Die Bongo kaffers en meide in die Bongo Opleidingskool is hierdie jaar baie entoesiasies. Sommige van die jong kaffers het hul hele vakansie deurgebring deur in die omliggende statte te preek, hulle het net een dag tuis by hul ouers deurgebring. In een van die statte het een van die studente groot belangstelling opgewek, en ons toe gevra om ondersoek in te stel ten einde vas te stel of die mense geskik was vir die hoordersklas. Ek het die werk daar toe deeglik gaan ondersoek, met die gevolg dat daar 'n hoordersklas van veertig lede georganiseer is, en nou wag hulle op 'n onderwyser. Terwyl ons daar op besoek was, was daar een Sabbat omtrent 160 teenwoordig by die diens. Hierdie groep mense is baie gretig om te leer.

In 'n ander stat het een van die gelowiges gevra of ons hom 'n onderwyser sal gee as hy vyftien studente waarborg. Hy het alreeds 'n skoolgebou opgerig.

Een van ons ander jong kaffers het met sy laaste vakansie in 'n stat naby sy huis gaan dienste hou. Hy het 'n Sabbatskool prenterol saam met hom geneem, en die eenvoudige verhale omtrent Jesus vertel. 'n Onderwyser van 'n ander skool het na hierdie student gekom en hom gelas om sy preekery te staak; maar hy het voortgegaan met sy dienste. Die onderwyser het so kwaad geword dat hy die student 'n goeie pak slae gegee het. Laasgenoemde het die slae geduldig verdra, maar hy moes die volgende dag in ons hospitaal verpleeg word.

'n Priester het nou die dag een van ons beste onderwysers 'n goeie salaris aangebied om op sy stasie te kom onderwys gee. Bowendien het hulle die onderwyser gesê dat hy vir hulle gladnie so hard sal hoef te werk as hy vir die Adventiste moet werk nie. Ons onderwyser het geantwoord dat hy nie vir geld werk nie, maar vir die redding van siele.

Hierdie pogings om siele te win, bewys dat die Heilige Gees werk op die harte van die mense in Angola en hulle voorberei om die waarheid te ontvang; en hierdie selfde gees beweeg ons studente om andere te leer en hulle aan te spoor om ywerig te werk ten einde siele te red. Al hierdie dinge bemoedig ons en maak ons dankbaar dat ons in die Here se wingerd kan werk.



## Die Februarie Tekens

HET u die Februarie uitgawe van die *Tekens van die Tye en Gesondheidsbode* gesien? Op die buiteblad is daar 'n foto van twee dames wat welbekend is onder Sewende-dag Adventiste in Suid-Afrika. Die omslag is in twee kleure gedruk, en die inhoud van die blad sal groot byval vind by die publiek.

Ons laat hier die titels van 'n paar van die artikels volg:

„Behoort Ons Meisies te Rook?”

„Die Geloof van Ons Voorvaders.”

„Een van Ons Vernaamste Groentesoorte.”

„Smaaklike Groente Geregte.”

Die blaaië is verkrybaar teen 1½d stuk as daar tien of meer geneem word. Dit word aan die publiek teen 3d stuk verkoop. Bestel 'n klub van tien en verkoop dit aan u vriende en bure. Dit is 'n uitstekende manier om sendingwerk te doen sonder ontkoste. Stuur u bestellings met die geld direk aan die: Sentinel Uitgewers-Maatskappy, Posbus 6, Claremont, Kaap.



## Hoe Ek Behulpzaam Is

GEAGTE VRIENDE,

Om 'n sendeling te wees hoef mens nie na die onbekende te gaan nie, want waar mens ookal is, is daar baie maniere om andere te help. Ek wil u graag vertel hoe ek behulpzaam is.

As ek vir 'n motorrit gaan neem ek 'n goeie voorraad blaaië saam — *Signs, Tekens,*

ens,— as ek het. Ek rol dan die blaai op — een of twee in 'n pakkie, en maak dit met 'n touthak wat sodat die wind dit nie kan wegwaai nie as ek dit uitgooi langs die pad vir die padwerkers. Hul erkentlike glimlag, en vriendelike „Dank u” is genoeg beloning vir my.

Ek maak ook blaai bymekaar vir die spoorwegwerkers—'n vriend op ons stasie het onderneem om dit aan te stuur na die eensames langs die spoor.

Ek sal dit baie op prys stel as diegene wat deur Queenstown reis vir my van hul ou blaai sal saambring, want ek plaas dit ook in die leeskamer, en almal verdwyn — iemand wat belangstel neem dit natuurlik. Ons moet maar die saad saai, later sal ons oes.

Ek het onlangs 260 blaai versprei.

Mag ons gedurende 1936 meer sendingwerkers sien.

LILY KALSON.



## Getrouheid aan die Sabbat Word Beloon

BROEDER E. M. ADAMS, bestuurder van die Wes Visajan Sending in die Filippyne, vertel van die ervarings van Francisco Corridor in verband met sy Sabbatviering. Francisco was in diens van 'n Amerikaanse motor firma. Vir 'n tyd was hy getrou, maar eindelik het hy nie meer die Sabbat gehou nie. Vroeg een more by 'n kampdiens het die Gees van God hom oortuig van sy sonde, en toe het hy weer opnuut 'n eed van trou geneem, maar toe ook het die vyand hom met groter krag aangeval. Die verhaal lui verder as volg:

„Eendag het Francisco 'n brief van die bestuurder ontvang waarin hom meegedeel was dat hy die volgende Saterdag moes kom werk of bedank. Die volgende Sabbat was betaaldag, en Francisco het nie opgedaag nie. Maar op Maandag was hy terug in die werk en het om sy salaris gevra. Hulle het dit geweier omdat hy dit nie Saterdag ontvang het nie.

„Met sy vrou en kind het hy my by die sendingkantoor kom sien. Hulle het besluit om na hul ou woning terug te keer en in diens van 'n sekere familielid te gaan. Ons het ernstig saam gebid.

„Die volgende dag het hy sy sleutel en die ander eiendom van die firma wat hy gehad het ingehandig, en aan die bestuurder gesê: „Meneer, as u nie my salaris wil gee nie kan ek dit nie help nie. Ek gaan weg.” Die bestuurder was opgewonde en het viermaal agtermekaar gesê, „Jy is 'n dwaas om so 'n soort godsdiens aan te neem.” Hy het aan hom gesê om sy salaris die volgende Saterdag te ontvang, maar Francisco het kalm geantwoord, „Dit is wat ek glo en ek kan nie anders nie.” Die bestuurder het vir 'n rukkie stilgebly nes of hy nie kon praat nie. Eindelik het hy 'n briefie geskryf wat Francisco aan die kassier moes gee, dié het hom dadelik sy volle salaris betaal. Die bestuurder het hom toe beveel om homself om twee-uur daar aan te meld.

„Daardie middag het hy aan Francisco gevra, „Kan jy goed praat?” „Ek begryp u nie,” het Francisco gesê. „Ek bedoel is jy bang om mense te ontmoet?” Francisco het geantwoord, „Ek glo dat ek nie bang is nie, ek kan in elk geval probeer.” Daarop is Francisco aangestel as een van die in-vordenaars van die firma op 'n ander eiland — een van die rykste eilande van die groep. Hulle het hom 'n vry motor gegee en al sy onkoste betaal, en nog boonop 5/- per dag by sy salaris gevoeg.

„Voor hy die bestuurder verlaat het, het hy gevra, „Meneer daar is een punt wat nog nie vir my duidelik is nie, Wat omtrent werk op Saterdag?” Die bestuurder het geantwoord, „Ek wil hê dat jy Sondag, Maandag, Dinsdag, Woensdag, Donderdag, en Vrydag moet werk, maar Saterdag mag jy af hê.”

„Francisco was baie bly dat sy gebed verhoor was, en dat hy nou in 'n posisie was om meer sendingwerk te doen.”



## Hoe Ons Ons Sendelinge Kan Help

Soms skyn dit of ons so min doen van wat ons kan doen om ons sendingwerk vooruit te help. Ons gee van ons middele, en party van ons gee ons seuns en dogters, en tog verlang ons dikwels om meer te doen. En ons kan. Die verlange om meer vir die Here te doen is die roepstem van die Gees tot gebed. Daar is groot behoefte aan ernstige, doeltreffende gebed, nie slegs dat God meer arbeiders in die veld sal uitstuur nie, maar gebed vir die arbeiders wat alreeds daar is.

Die doel waarmee ons maand na maand die ervarings van ons sendelinge aan u bekendmaak is om u op hoogte te bring van hul spesiale behoeftes sodat u dit beter sal verstaan en meer doelbewus sal kan bid en gee. Elke gebed wat vir hulle opgaan word in die hemel gehoor en aangeteken, en God sal dit op Sy tyd en langs Sy weg antwoord. Sulke opregte gebede daar in u binnekamer sal dien as skerp sekels in die hand van die sendeling daar ver waar elke handvol graan deur die vyand betwis word, want hy wil op alle mense beslag lê as syne.

As ons die lewe van Paulus, die groot sendeling bestudeer, dan word ons getref deur sy gebedslewe. In Rom. 1:9 sê hy, „God . . . is my getuie hoe ek onophoudelik aan julle dink en altyd in my gebede smeek.” Aan die gelowiges te Efese skryf hy, „Daarom . . . hou ek ook nie op om vir julle te dank as ek aan julle in my gebede dink nie.” Efe. 1:15, 16. En van Epafras, 'n medewerker van Paulus te Kolosse sê hy, „Epafras . . . groet julle en stry altyd vir julle in die gebede, dat julle volmaak en volkome mag staan in die ganse wil van God.” Kol. 4:1.

„Ek stry altyd vir julle in die gebede.” Watter moontlikhede skuil daar nie hierin vir die broeders en susters om ons sende-

linge te help nie! Baiemaal het daar, wanneer die nood die hoogste was, antwoord gekom op gebed en was daar vir die sendeling verlossing uit gevaar, oorwinning in die stryd, sodat hy kon uitroep: „Die een of ander getroue gelowige het in hierdie uur vir my gebid.”

Gewis is diegene wat bid „medewerkers van God” in die voleinding van die werk oor die aarde. Ja, „die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.” Sulke gebede tot God van diegene wat tuisbly het ook groot krag in ons sendingvelde, wat nou so wyd uitgestrek is dat die son in sy baan om die aarde nooit daar ondergaan nie. As u nie alreeds 'n lid is nie, broeder en suster, sluit dan by hierdie korps medewerkers van God aan, en bid vir die sendelinge by name daar aan die front.



## Uitslag van die Signs en Tekens Veldtog

DAAR dit van belang sal wees vir die OUTLOOK lesers om 'n verslag te sien van die onlangse Signs en Tekens veldtog, publiseer ons 'n lys wat die getal intekenaars aantoon wat deur die verskillende kerke gewerf is. (Raadpleeg lys op bladsy 2.)

Namens die Buurtsending Departement en die Suid-Afrikaanse Konferensie neem ons hierdie geleentheid tebaat om almal wat deelgeneem het aan die veldtog hartlik te bedank. Wat die Tekens betref was daar twaalf minder intekenaars gewerf as verlede jaar. Snaaks genoeg was daar presies net soveel intekenaars vir die Signs gewerf as verlede jaar. Ons het stellig verwag dat daar heelwat meer intekenaars hierdie jaar sou gewerf word, aangesien die blad baie verbeter is.

Ons is bly dat daar 'n aantal sendingwerkers is wat besluit het om clubs Signs en Tekens te neem en uit die hand te verkoop; ons verwag dat daar gedurende die jaar langs hierdie weg baie blaie van die hand gesit sal word. Een van die lede van die Kaapstadse kerk het verskeie keer al in 'n paar uur tyd tot vyftig blaie verkoop. Ons verneem nou dat daar 'n ander Kaapstadse lid is wat besluit het om gereeld Signs en Tekens te verkoop. Daar is gewis groot moontlikhede vir tydskrifwerkers in die groter stede soos Johannesburg, Kaapstad, Pretoria, Durban, Port Elizabeth, ens.



## Benodig!

JONGMAN vir plaaswerk, fluks en betroubaar, met of sonder ondervinding; moet gewillig wees om te leer en hard te werk. Vrye inwoning; een pond sakgeld per maand en deel van gesaai. Om verdere besonderhede doen aansoek by: P. A. Venter, P.K. Privaat Sak, Bolivia Siding, Reitz, O. V. S.

## African Division Outlook

Published semi-monthly by the  
General Conference of Seventh-day Adventists  
(Southern African Division)  
Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON \_\_\_\_\_ Editor  
MRS. J. L. MILFORD \_\_\_\_\_ Asst. Editor  
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS  
J. F. Wright \_\_\_\_\_ President.  
A. E. Nelson \_\_\_\_\_ Treas. and Auditor  
M. P. Robison \_\_\_\_\_ Secy. and Ed. Secy.  
L. L. Moffitt \_\_\_\_\_ M. V. Secy. and S. S. Secy.  
A. N. Tonge \_\_\_\_\_ Medical Secy.  
F. E. Potter \_\_\_\_\_ H. M. and Field Miss. Secy.  
J. I. Robison \_\_\_\_\_ Religious Liberty Secy.

## General News

We are pleased to announce the recent arrival of a number of missionaries who are now located at Helderberg College. Brother and Sister F. E. Meckling, Miss Hope Hayton and Miss M. Nickel arrived on the R. M. S. "Carnarvon Castle," December 30, 1935. On January 13 Brother and Sister C. F. Clarke arrived by the R. M. S. "Winchester Castle." We are glad to welcome these missionaries to Africa.

## Wanted

HEALTHY young European woman for general light housework. Seventh-day Adventist preferred. To start as soon as possible. Reply, stating salary required, to I. M. c/o Sentinel Publishing Company, Kenilworth, Cape.

SISTER HYATT and family desire to express their thanks for the many expressions of loving sympathy that have come to them during Pastor Hyatt's illness and since his death.

## Obituaries

HYATT.—William Spencer Hyatt was born May 11, 1857, at Williamstown, N. Y., U. S. A. He went to his rest January 14, 1936 at the age of 78 years and 8 months.

He was born of a pioneer Adventist family, his father and his maternal grandfather being among those who were disappointed in 1844.

In his youth he attended Battle Creek College. There he met Sadie Armitage who became his wife in 1882. In the same year he began his ministerial labours in the State of New York. He was ordained to the gospel ministry by Elders Haskell and Butler in 1885. For a number of years he laboured in Wisconsin as an evangelist, during which time he brought the light of the third angel's message to many souls.

After sharing in the blessings of the

Minneapolis Conference he went to Texas. There he laboured as conference president for four years. He was successively president of the Missouri Conference for four years and of the Kansas Conference for two years. He was then called to be pastor of the Battle Creek church at a time when the membership was 2,700. While labouring there he received a call to take charge of the work in South Africa.

He landed in Cape Town with his wife and three children May 25, 1898. The story of those early years is the story of the rise of our work in this country. Poverty, hardship and sacrifice were born gladly for the cause he loved so dearly.

In 1902 he became the first president of the South African Union Conference. His responsibilities took him to the most remote mission fields. He travelled about the country in oxcarts and donkey wagons. Ofttimes he relieved missionaries, by carrying their responsibilities, while they sought health at the coast. On one occasion, while still Union President, it was necessary for him to act as principal of Claremont Union College for a time.

Whatever he undertook to do he did well. He was particularly strong in organising and financial ability.

He served as president of the Natal-Transvaal Conference from 1913-1921. For a period after this he had charge of the work in the Bechuanaland Mission Field.

He took his first and only furlough to America in 1925. The four years in the homeland were spent in going from church to church, encouraging the hearts of our people.

After his return to South Africa in 1929 he was pastor of Pretoria church until declining health caused him to retire to Durban, where he made his home with his daughter, Mrs. Hocking. The last years of his life were spent in quiet missionary work, writing articles, preparing sermons for our native workers, and writing hundreds of letters of encouragement.

Never did his faith waver in the fundamental principles of the third angel's message. His confidence in the soon return of our Lord remained firm to the end. Whenever he went a message of courage and hope radiated from him. He loved to preach "Righteousness through Christ."

After the Bloemfontein camp-meeting in April, 1935, his health seemed to fail rapidly. In October he undertook to visit his son and family at East London. Here he preached his last sermon. He planned to spend the summer with his daughter at Helderberg College. Soon after arriving at Cape Town he consulted specialists who advised an immediate operation. He entered the Volks Hospital November 11. Treatments relieved him; but his strength rapidly declined. He longed to come out and be cared for by his own, so he returned to Helderberg College early in December. Everything that medical skill could suggest, or loving hearts devise, was done; but he continued to lose strength

and on Tuesday evening, January 14, at 7:05 he quietly breathed his last.

During his illness he often spoke of his desire to take "a little nap" until Jesus comes. Death seemed a friend to our tired brother.

He is survived by his wife, four children, and four grandchildren. The children are:

1. Miss Helen M. Hyatt of Helderberg College.
2. Mrs. A. G. Hocking of Durban.
3. Pastor W. Leroy Hyatt of East London.
4. Mrs. R. B. Watts of Cooranbong, Australia.

Truly, "There is a prince and a great man fallen this day in Israel."

We laid him to rest in our college cemetery to await the call of the Life-giver.

"A little while, and the dead awaking  
Shall be restored forever to our love;  
Then shouts of joy and the glad hand-shaking,

And the welcome to our Father's house above."

A. V. EDWARDS.

BOUGAARD.—At 1:10 A.M., January 15, 1936, Brother Isaac Bougaard of Diep River, a member of the Wynberg church, fell asleep at his home in Diep River. He is deeply mourned by his beloved wife and children, other relatives and friends.

Brother Bougaard accepted the message in an effort held at Diep River in 1931. He was baptised at the camp-meeting held at Kenilworth, Cape, during the month of January, 1932. During the year following his baptism, the hand of affliction was laid upon our brother from which he never recovered until death claimed him on January 15. During his affliction, like Job of old, he had some miserable comforters (Job 16:2) to visit him. But he had the knowledge to distinguish between them and others who brought messages of hope and courage to him. He bore his affliction patiently, and held strong faith in the soon coming of the Lord and the triumph of this message until death claimed him on the above-named date. He was laid to rest in the Plumstead Cemetery to await the call of the Life-giver. Words of comfort were spoken by the writer from Job 14:1, 12, 14; 19:25-27.

B. W. ABNEY.

"ANGELS are interested in the spiritual welfare of all who are seeking to restore God's moral image in man; and the earthly family are to connect with the heavenly family in binding up the wounds and bruises that sin has made. Angelic agencies, though invisible, are co-operating with visible human agencies, forming a relief-association with men."